# SARS slaan toe op onwettige renosterindustrie

**Tshwane, 22 September 2022** - Verskeie gespesialiseerde afdelings binne die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), ingevolge sy strategiese oogmerk om dit duur en moeilik te maak vir diegene wat by onwettige aktiwiteite betrokke is, is gefokus op belastingouditondersoeke wat gemik is op vermoedelike nienakomende belastingpligtiges, rolspelers en fasiliteerders, wat direk of indirek voordeel trek uit belastingontduiking en onwettige finansiële strome wat vloei uit wildsmisdaad.

Na 'n multidissiplinêre wetstoepassende operasie deur die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke) se wildshandelafdeling, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se spesiale taakmag, Teenintelligensie, Bateverbeuringseenheid, SANParke, die Departement van Omgewingsake, die Nasionale Vervolgingsgesag en SARS se gespesialiseerde skuldeenheid en Doeane se honde-eenheid, is 'n soek-en-beslagleggings-operasie uitgevoer by 11 verskillende private en sakepersele wat deur individue bedryf word wat betrokke is by belastingontduiking en wildhandel.

Verskeie arrestasies is uitgevoer, wat aktiewe SAPD-lede insluit, asook beslaglegging op bates en kontant wat in hierdie bedrywighede gebruik is. Die Valke het ook 'n aantal trokke en ander voertuie geïdentifiseer wat vermoedelik gesteel is.

Die daaropvolgende belastingondersoeke het aansienlike suksesse tot gevolg gehad, insluitend wetlike invordering, burgelike verrigtinge en kriminele aanklagte teen 'n kriminele sindikaat wat by wildhandel betrokke is, insluitend renosterstroping. Die wetlike optrede deur SARS teen lede van die kriminele sindikaat sluit in sekwestrasie en verbeuring van die misdaadwinste.

Om oorgrense wetstoepassende optrede te versterk, volhard SARS in samewerking met internasionale belasting- en doeane-agentskappe oorsee, en samewerking met Interpol, die Wêreld Doeane-organisasie (WCO), die OCED-taakmag vir Belastingmisdaad (TFTC) en die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora (CITES).

Belastingontduiking is 'n integrale misdaad van geldwassery. In hierdie verband, sal SARS volhou om se skakeling met die Finansiële Intelligensiesentrum (FIC), die DPCI, die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing te versterk, asook skakeling met die Suid-Afrikaanse geïntegreerde taakmag vir Teengeldwassery (SAMLIT), wat 'n openbare-private vennootskap is gemik op die bekamping van finansiële misdaad en onwettige finansiële strome.

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê: "Wildmisdaad en onwettige handeldryf deur transnasionale georganiseerde misdaadgroepe bedreig nie net ons ikoniese spesies, soos renosters en ietermagoë nie, maar het 'n direkte negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse toerisme-industrie wat meer as R268 miljard (4.3%) van die jaarlikse BBP bydra en meer as 1.1 miljoen mense indiens het. Omgewingsmisdaad en onwettige handeldryf in natuurlike hulpbronne hou noue verband met finansiële misdade soos belastingontduiking, belastingbedrog, geldwassery, onwettige finansiële strome, korrupsie, dwelmhandel en mensehandel.

"Die onwettige jag van renosters en handel in renosterhorings maak 'n nasionale en 'n internasionale misdaad uit. In die afgelope 10 jaar is 9 885 renosters regoor Afrika afgemaai. Volgens 'n verslag deur die Internasionale Unie vir Natuurbewaring (IUCN) was daar teen einde 2021, 22 137 wit en swart renosters in Afrika oor. SARS sal alles in sy wetlike vermoë doen om hierdie kriminele bendes aan te spreek", het hy afgesluit.

Dit is bemoedigend dat SARS op Renosterdag met ander wetstoepassende optree en hard werk daaraan om hierdie nasionale erfenis te beskerm, onderwyl hul belastingontduiking, wildhandel en geldwassery aanspreek. SARS vier saam met die internasionale gemeenskap Internasionale Renosterdag.

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.